NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

Feb 2018

Bid radikaal anders...

Vir jou skool

Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy met `n groot meulsteen aan sy nek in die diep see verdrink
Matt 18:6

Lees:
Matt 18:1 - 5

Bid vir wysheid vir die leiers van die skool waar jy betrokke is of een in jou omgewing.

Bid vir die leerkragte dat hulle die kinders sal koester en begelei op hul lewenspad.

Bid vir die kinders se gesindheid teenoor mekaar, dat hulle God se liefde in kinderlike onskuld sal uitleef.

Bid dat die Here se liefde die skool sal vul sodat dit 'n veilige hawe sal wees, veral vir kinders van 'n gebroke agtergrond.

Bid vir Jan Krielskool dat die Here hulle sal lei en versterk in hulle besondere roeping.